~ALPHINE~

1936 — 2010

Philip en Katie Wessels
Posbus 150
Winburg 9420
Tel: 05242 1902
Sel: 083 264 2199
Epos: donsiewessels@gmail.com

Die Braunvieh Stoet wat die toets van die tyd deurleef het

Ons strewe is steeds om vleisbeeste te teel wat baie melk produseer. Diere word op ekstensiewe veld toestande bedryf. Ons selekteer vir gehardheid, op die natuurlike veld. Diere uit die kudde is baie aanpasbaar en vrugbaar met maklike kalwing. Daar is al na verskeie aangrensende lande uitgevoer & alle diere word prestasie getoets deur die LNR. Alphine is bekend vir vele nasionale kampioenskappe op skoue. Besoekers altyd welkom!

Bulle en vroulike diere deur die jaar beskikbaar.

40 SUIWER BRAUNVIEH OSSE AFGEROND

Die oogmerk van die toets was om jaaroud kalwers oor 'n tydperk van ses maande ekonomies moontlik af te rond. Die kalwers het die hele tyd op die veld geloop met stelselmatige byvoeding wat uit drie fases bestaan het oor ses maande.

Deel een was drie maande:
Januarie, Februarie en Maart het die osse op die veld geloop met 1kg Supermol per dag. Daar was 'n gemiddelde massa toename van 830 gram per dag per kalf. Die voerkoste per kalf per dag was R2.74 wat gegee was. Dit laat jou met 'n wins van R10.54 per dag per kalf.

Die deel van die proef het baie duidelik bewys dat die Braunvieh ras uitstekend op natuurlike weiding reageer.

Deel twee was twee maande:
April en Mei was semi-intensief gevoer met 30% blaarkopmeel en 70% geelmieliepitte gemeng met SB 100. Gemiddelde massatoename oor die tyd was 1.47kg per dag per kalf.

Deel drie was een maand:
Junie met die afronding was die ossies intensief gevoer met geelmieliepitte gemeng met SB 100. Dit het 'n ongelooflike groei van 1.97kg per dag per os gegee. Goeie hooi was gedurende die tydperk beskikbaar.

Hierdie proef het weereens bewys dat suiwer Braunvieh kalwers ekonomies met Supermol op groen grasweiding kan presteer.

Die intensiewe voertydperk het ook bewys dat suiwer Braunvieh osse baie ekonomies afgerond kan word.

SLAG RESULTATE
Ek het die graderingsproses by die die Welkom slagpale bygewoon. Karkas massa was gemiddeld 252.1kg met slagpersentasie van 57.7% Graad A2. Die gradeerder se kommentaar: Mooi lang eenvormige karkasse met eweredige vet verspreiding. Bouvorm 3 en 4 wat as ideale karkas bouvorm gereken word.

Nuusbrief

September 2010

SA BRAUNVIEH BRAUNVIEH

PO Box/Posbus 7864 • Bloemfontein 9300 • Tel 051 410 0950 • Fax/Faks 051 448 4220

BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

Dit is lekker om te wen en nog veel lekkerder as die Braunvieh wen. Baie geluk aan die Braunvieh telers wat gedurende die afgelope 32 jaar daarin kon slaag dat die Braunvieh 5 keer die LNR/Vleissentraal interras Fase C toetsklas op die Pretoria skou gewen het. Lou De Jager, Willie Du Plessis en Christopher Havenga het by die wengeleenthede die Braunvieh tydens die kompetisie verteenwoordig. Baie geluk aan julle en in die besonder geluk aan Christopher wat die pretasie nou vir die derde keer behaal het. Julle maak ons trots.

Dit is egter meer belangrik om te meld dat die Braunvieh hierdie besonderse prestasie vier keer behaal het die afgelope tien jaar. Dankie ook aan Pierre Swart wat vanjaar uitstekend gevaar het met sy suiwer Braunvieh osse tydens die Pretoria skou se slagos kompetisie.

Baie dankie aan elke Braunvieh teler vir die tyd, geld en moeite wat julle in die Braunvieh insit. Dankie dat julle ten spyte van moeilike ekonomiese tye julle ledegeld so getrou en betyds betaal.

Dankie vir die mooi gesindheid, samewerking, ondersteuning en verdraagsaamheid heens mekaar wat ek opmerk. 'n Span wat saam kan speel druk die drieë en daarom moet ons liewer saam hardloop en mekaar oor die doellyn dra as om die bal doelloos rond te gooi en te laat val omdat ons voel ons wil alleen die drieë gaan druk.

Indien u egter 'n probleem het skakel gerus met my. Probleme is daar om opgelos te word en nie geskep te word nie.

Sukses met u boerdery en kom ons kyk of ons nie elkeen nog 'n medeboer kan oorreed om met hierdie besonderse beesras te boer nie.

Cois Harman

Braunvieh Skop Stof op

Dit is die 5de keer sedert 1978 dat die kompetisie deur die BRAUVIEH RAS gewen word. Dit is ook 'n eerste dat een teler van dieselfde ras hierdie kompetisie al 3 keer met dieselfde kudde kon verower. VOORWAAR 'N PRESTASIE

'n Braunvieh-bul is vir die vyfde keer as die wenner van die spesiale prestasietoetsklas op die jaarlikse Tswane Internasionale Skou (T-skou) aangewys. Die kompetisie word deur die Landbounavorsingsraad en Vleissentraal aangebied en bulle van 15 rasse wat fase C-toetse ondergaan het, het hierdie keer in aanmerking gekom. Vanjaar se wenner is die bul BUCHAN CDH 08 0050 van mnr Christopher Havenga van Petrusville in die Noord-Kaap, wat die eerbewys die derde keer binne vyf jaar ontvang het. Die bul is genoem na die boere prediker mnr Angus Buchan. Links is die hanteerder mnr Anton van Rooy en die trotse eienaar Christopher.

BRAUNVIEH-OSSE los 'n rolmerk by Tshwane-Skou

tydens die beeskarkaskompetisie.

Die uitslae spreek vanself.

INSIT GEWIG				EIND GEWIG
15/4/2010		6/8/2010	25/8/2010	27/8/2010 ingeweeg pta skou
53	230	400	430	434
54	225	390	425	408
55	215	340	345	328
56	230	390	400	391
57	235	370	390	388
58	240	370	390	375
59	210	360	385	374
60	225	350	380	371

Hierdie is beslis 'n ras om mee rekening te hou.

LNR FASE D VELDGROEITOETS
TOETSNOMMER: D11BB5200901
Tydperk:
Aanvang van toets: 14 September 2009
Einde van toets: 12 Maart 2010

Toets is gedoen op groen soetveld weiding met geen kragvoer bygevoeg. **Die toets het op die plaas Wesselspunt in die distrik Winburg plaasgevind het.**

Bulkalwers het die volgende voermol per dag ontvang vir die volgende tydperk:
14/09/2009 tot 14/12/2009: 1kg Supermol per dier per dag.
14/12/2009 tot 12/03/2010: 2kg Supermol per dier per dag.

Die ongelooflike massatoename van gemiddeld 1096 gram/dag/kalf kan ek alleenlik toeskryf aan die Braunvieh ras se vermoë om op natuurlike weiding sulke uitstaande resultate te lewer.

WINDHOEK SKOU

Behalwe ons uitstekende beeste presteer ons dames ook

Anika De Villiers neem deel aan die jeug touleierskompetisie en behaal 'n tweede plek. Sy lei tou tydens die skou vir van die ander telers SA en Namibia wanneer hulle touleier kort en sy word gekies as een van 20 beste touleiers op die skou en behaal uiteindelik die tweede plek.

Marilize Bezuidenhout het ook soos Anika telers gehelp met touleiers en was ook gekies as een van die 20 beste touleiers

Standerton Skou

Die Witbek Braunvieh Stoet het 13 en 14 Augustus 2010 die Hoëveld Fees op Standerton bygewoon. Die beeste is uitgestal en het in die Interras klasse meegeding.

Hierdie fees se beesgetalle groei en staan tans op ongeveer 240 inskrywings. Aangesien die hoogste beespopulasie in Suid-Afrika in 'n radius van 100km om Standerton gesentreer is, is ons baie positief en hoop om volgende jaar meer telers op die skou te sien en ons ras nog verder uit te bou.

Ervaring van 'n leeftyd! - Windhoek Skou 2010

Jenny Havenga

Op 21 September 2010 het 6 telers se beeste op 'n vragmotor na Windhoek vertrek: Cois Harman, Hampie van Zyl, Pieter en Erika de Villiers, Piet de Villiers, Kobus Bezuidenhout en Christopher Havenga

Windhoek Skou, dink ek, sal ons almal onthou vir al die reëlings en nogmaals reëlings. Of altans tot ons die grenspos getref het...toe begin ons met nuwe herinneringe!

Die skou was werklik 'n onvergeetlike ervaring, ons is met ope arms deur die Namibiërs ontvang en het elke oomblik daarvan baie geniet. Windhoek Skou het baie anderste reëls as die Suid Afrikaanse skoue, maar dié eksamen het ons ook darem geslaag. Die skou se eerste uitgangspunt is vrugbaarheid en weereens vrugbaarheid en jou bees se vrugbaarheid (interkalf, dragtigheid ens.) moet swart op wit wees , anders mag hy nie aan die skou deelneem nie.

Die beeste op die skou was van hoogstaande gehalte, maar ons het darem hier en daar ook iets gewen. Baie dankie aan die mense van Namibië, wat ons op hulle hande gedra het...dit was werklik 'n ondervinding wat ons nie sommer sal vergeet nie. Julle reëlings was voortreflik en als het glad verloop.

Ek hoop julle is nou goed nuuskierig oor wat alles in Namibië gebeur het...hierdie was net so 'n lusmakertjie. In die volgende nuusbrief gaan ons volledig verslag doen oor wat alles daar gebeur het...van Kobus se GPS wat hom net grondpaaie laat ry tot al die skou uitslae.

Nasionale Jeugskou Kampioenskappe 2010

Die Nasionale Jeugskou Kampioenskappe 2010 is aangebied deur Mpumalanga op Morgenzon Lanbou Akademie. Van 22-25 September het deelnemers van regoor die land hierdie besondere geleentheid bygewoon.

Molly Bester het met haar Braunvieh vers, Jasmyn, deelgeneem in die Senior Vleisbees afdeling as lid van die Vrystaat span. Die kompetisie was straf tussen die 18 deelnemers in die betrokke klas. Die beeste is gewas, voorberei en geskou. 'n Teorie eksamen het ook die skoumanne en -dames se kennis getoets. Molly het 'n algehele 2de plek behaal en bring 'n silwer medalje huistoe.

Die Witbek Braunvieh Stoet het die drie diere vir die Vrystaat se vleisbees groepklas voorsien. Molly, Glaudine-Mari Strauss en Marnika Bonnet het die groep vertoon en 'n vierde plek behaal. Noord-Wes se groepklas met hul rooi Brahmane was egter onoorwonne en het met die goue medalje weggestap.

Die Braunviehs het ongetwyfeld baie aandag (en bewondering!) geniet en goeie raspromosie is gedoen.

CHRISTOPHER BRAUNVIEH

Christopher Havenga • 082 821 1527 • www.cdhcattle.co.za • christopher@cdhcattle.co.za



BEAULIEU

BRAUNVIEH STOET

Bulkalwers van hierdie bekende koei (RAMONA) is nou te koop. Dit is die 1ste keer dat haar Genetika in die mark beskikbaar is.

Slegs die beste is goed genoeg!

Hample van Zyl | 082 492 8123 | (053) 311 6430 | hample@assmang.co.za | 85 Dibeng 8463

Lalta Trust
Posbus 11
Petrusville
8770

Shalom

Braunvieh Stoet

Kontak
Abie Rademeyer
083 282 3996
lalta_trust@polka.co.za

Showboy (PW 07 26)

- Goue Meriete behaal by 'n fase C toets
- Seun van welbekende Rick bul

Skou prestasies:

- Vryburg 2009: Junior Kampioen en ook die Reserwe Ras Kampioen – Ook genomineer om die Ras tydens Pretoria-skou in die fase C-klas te verteenwoordig
- Pretoria-Skou 2009: Junior Kampioen en ook Ras Kampioen – ook Interras Junior Kampioen
- Vryburg 2010: Reserwe Junior en Reserwe Raskampioen

Strooitjies beskikbaar by Vriesit @ R150 per strooitjie

Showboy sal te koop aangebied word op die nasionale kampioenskappe veiling in Vryburg, 2012